NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

PASTORALE BRIEF

DESEMBER 2021

DIE VRUG VAN DIE GEES (SLOT): DIE GROOT GEHEIM

Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.
Galasiërs 5:25

Maak die vrug van die Gees jou dalk ook so 'n klein bietjie moedeloos? Ek meen, van wie van ons is al hierdie eienskappe nou eintlik waar? Elke faset hiervan het jou dalk meer of minder skaam laat voel, en laat wonder of jy nie maar liewer moet ophou om die pastorale brief te lees totdat ons oor iets anders praat nie. Wie van ons is so vol liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing – soos kinders van die Here behoort te wees? Dit laat ons voel soos totale verloorders, wat net nooit tot eer van die Here sal kan lewe nie...

Maar dan sluit Paulus hierdie gedeelte af met dié wonderlike vers, en gaan daar skielik vir ons 'n nuwe wêreld oop! Hiermee trek Paulus al die verskillende aspekte van die vrug in hierdie een enkele oproep saam. En dit maak soveel sin! Jy bely tog dat jy nou lewe deur die Gees. Hy het die geloof in jou gewerk, sodat jy kind van God kan wees, en die nuwe lewe in jou geskep. Al wat jy nou hoef te doen, is om dit dan net te *lewe*! Laat die Gees toe om jou optrede tot in die fynste besonderheid te bepaal. Gee aan Hom volle beheer oor gedrag, en daar sal 'n nuwe era in jou geloofslewe aanbreek! Die vrug sal nie meer vir jou nege haas onmoontlike wette wees nie, maar iets wat *God self* in jou doen. Hy wil dit doen - gee Hom net die kans!